van die getuienis beskou met word as volg op 182H-183D:

> "'n Strafhof beoordeel nie 'n beskuldigde se weergawe in 'n vakuum asof bloot 'n klagstaat voorgelê is nie. Die staatsaak moet, met inagneming van die sterkhede en swakhede daarvan, saam met die verdedigingsaak en dié se sterkhede en swakhede in die weegskaal gegooi word. Ek dink dit is heeltemal korrek dat die staatsaak nie eerstens beoordeel kan word nie en indien dit aanvaarbaar gevind word, as deurslaggewend beskou word nie. Die staatsaak, indien dit al bewysmateriaal voor die hof is, moet in alle gevalle eers ondersoek word ten einde vas te stel of daar voldoende aanvaarbare bewysmateriaal ten aansien van al die elemente van die misdaad is en of daar nie in ieder geval 'n redelike alternatiewe hipotese uit die staatsaak blyk nie. Presies dieselfde benadering geld indien die verdediging 'n weergawe voorgelê het. Met inagneming van die staatsaak, moet daar weer eens oorweeg word of die verdedigingsweergawe nie 'n redelike alternatiewe hipotese daarstel nie. Sien <u>S v Nolte en 'n Ander</u> 1965 2 PH H195 (A) te 491. Daardie alternatiewe hipotese hoef nie die sterkste van die verskillende moontlikhede te wees nie (dit wil sê die waarskynlikste) want dan word die graad en inhoud van die bewyslas op die staat verontagsaam. Ek meen ook dat dit korrek is, soos in <u>Munyai</u> beslis, dat die staatsaak as 'n onafhanklike entiteit nie teen die verdedigingsaak as 'n onafhanklike entiteit opgeweeg moet word nie, want dit is nie hoe feite beoordeel moet

word/...

"word nie. Bloot omdat die staat sy saak eerste voorlê en die verdediging sy saak dan voorlê, beteken dit nie dat 'n strafhof uiteindelik twee afsonderlike sake het wat aan verskillende kante van die skaal teenoor mekaar opgeweeg moet word nie. Die twee sake wat agtereenvolgens voorgelê word, is die resultaat van beleids- en doelmatigheidsoorwegings. Die strafhof het uiteindelik 'n konglomeraat van bewysmateriaal voor hom wat aanduidend is van feite teen of ten gunste van die onskuld van die beskuldigde. Sommige verontskuldigende feite mag uit die staatsaak blyk, terwyl inkriminerende feite uit die verdedigingsaak mag blyk, byvoorbeeld erkennings tydens kruisverhoor gemaak. Die korrekte benadering is myns insiens dat die strafhof hom nie blind staar teen waar die verskillende komponente van die konglomeraat vandaan kom nie, maar eerder poog om die samestellende feite, behoorlik geëvalueer, met veral inagneming van die bewyslas, in 'n mosaïek te orden ten einde te bepaal of die beweerde bewys inderdaad verby die grens van redelike twyfel loop en dit te kort skiet en dus binne die gebied van 'n redelike alternatiewe hipotese val."

Dit is die staat se saak dat die aanval op Boipatong voorafgegaan is deur meerdere insidente wat ten nouste saamhang met die aanval self. Uit die getuienis blyk - en dit is nie in geskil nie - dat voor die aanval was die meerderheid van die inwoners van Boipatong en Slovopark ANC-ondersteuners of simpatiseerders en was daar op daardie stadium reeds vir enkel jare openlike konflik tussen ANC-ondersteuners en Inkatha-lede en/of

Zoeloes in die woongebiede en hostelle in die omgewing. Hierdie konflik het daartoe aanleiding gegee dat IVP-ondersteuners en/of hul families se wonings afgebrand is, hulle vermoor en vermink is en uit die gemeenskappe uitgedryf is. Sedert 1990 het die KwaMadala Hostel, wat ongeveer een kilometer van Boipatong af geleë is, ontwikkel tot die enigste toevlugsoord vir die Inkatha-lede wat aldus uit die omringende gemeenskappe moes vlug.

Die konfliksituasie het ook daartoe aanleiding gegee dat die jong manne in KwaMadala Hostel opgekommandeer is om georganiseerde wagdienste vir die sogenaamde "self-defence units" te verrig. Die getuienis toon ook aan dat reeds voor 17 Junie 1992 daar in 17 Junie 1992 wantroue en selfs vyandigheid teenoor lede van die Suid-Afrikaanse Polisie bestaan het. Die houding teenoor die polisie het na die aanval op Boipatong in felheid toegeneem en inwoners van die dorpsgebied is vermaan en gedreig om nie aan die polisie samewerking te verleen nie, tot so 'n mate dat die gebied beswaarlik vir die polisie toeganklik was, baie potensiële getuies nie bereid was om met die polisie te praat nie en bewysstukke van die tonele verwyder is deur onbekende persone.

Dit was ook deel van die staat se saak dat tydens 'n vergadering wat 'n week of twee voor die voorval op Boipatong gehou is, beskuldigde 9 'n waarskuwing gerig het dat die betrokke aanval beplan word. Volgens die staat is 'n verdere vergadering in die KwaMadala Hostel gehou onmiddellik voorafgaande aan die aanval gedurende die aand van 17 Junie 1992. Die teenwoordigheid van alle inwoners van die KwaMadala Hostel by dié vergadering is verkry deur alarms en/of sirenes wat aktiveer is. Die sisteem is normaalweg gebruik om die inwoners

van/...

van die hostel na vergaderings te ontbied. Tydens dié vergadering, so het die staat beweer, is vrouens weggestuur uit die vergadering en is aan die mans meegedeel dat die aanval daardie aand sou plaasvind, dat hulle doekies of linte om hulle hoofde moes vasmaak en is hulle met water bekend staan as "Ntelezi" behandel sodat die aanval vir hulle voorspoedig sou verloop.

Volgens die staatsweergawe is die aanvallers langs 'n bepaalde roete na die aanval gelei en met dieselfde roete teruggebring. Die roete wat gevolg is was by die hoofhek van die hostel uit langs 'n pad wat by 'n kwekery verby lei tot by Frikkie Meyer Boulevard wat van wes na oos oorgesteek is; en vandaar deur die op veld wat ten weste van Boipatong geleë is na die dorpsgebied self. Tydens die aanval self is meerdere spesifieke insidente in getuienis beskryf. Een insident na die aanval, die beweerde verbranding van goedere wat tydens die aanval geroof of gesteel is, hou ook ten nouste verband met die aanval self.

Al die beskuldigdes het enige kennis van die twee vergaderings ontken, het aangevoer dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die beweerde roete gevolg sou word en het benewens 'n algehele ontkenning van kennis van of 'n deelname aan die aanval ook ontken dat hulle deelgeneem het aan, of kennis gedra het van die verbranding van die buit.

Soos reeds vermeld steun die staat met veral die identifisering van die beskuldigdes wat die aanval aanbetref, op die getuienis van die drie medepligtiges, mnre Bojosi, Moloi en Mnqithi. Ek sal in wat hierin volg aandag skenk aan elkeen van die medepligtiges se getuienis en die indruk wat elkeen van hulle op my gemaak het:

<u>MNR ISAAC MOSWABUDI BOJOSI</u>

Die getuie het oor die tydperk van 18 Mei tot 17 Junie 1993 getuienis afgelê en was aan abnormale omstandighede en buitengewone druk onderhewig in soverre hy in beskermde aanhouding was en hy by die aanvang van sy kruisverhoor op 'n ietwat kru manier meegedeel is dat sy broer pas on die lewe gebring is. Ek ou hierdie feit sowel as die tydsverloop na die voorval en die wye en gedetailleerde omvang van sy getuienis in gedagte by die beoordeling van sy getuienis.

Sy getuienis was daarbenewens kompleks van aard en het onder andere ingesluit sy kennis van die algemene opset by KwaMadala Hostel, die hiërargie aldaar en detail van gebeure tydens die aanval met 'n verwysing na die optrede van individuele persone. Onder die omstandighede aanvaar ek dat die geleentheid vir foute en weersprekings menigvuldig was. Daarbenewens het hy vorige weersprekende weergawes oor die gebeure aan die polisie verstrek en het hy aanvanklik gepoog om drie van sy vriende (beskuldigdes 67, 68 en 70) te beskerm. Daarteenoor egter, het Bojosi openlik oor sy aanvanklike leuens getuig en sy redes daarvoor vermeld.

Bojosi word, benewens deur die beskuldigdes, ook deur die ander medepligtiges en ander staatsgetuies weerspreek. Sommige van die weersprekings is minder ernstig en te verwagte in die normale loop van waarneming, maar ander is ernstig van aard en meer wesenlik.

Bojosi se getuienis word egter ook in vele opsigte deur onbetrokke staatsgetuies gestaaf. Ek is nie van voorneme om al die stawing te vermeld nie, maar volstaan met 'n verwysing na die volgende:

- Bojosi se getuienis dat hulle 'n gesteelde bakkie voor die aanval gaan "weggooi" het word

gestaaf deur Cloete en Roberts se getuienis dat hulle 'n brandende voertuig in daardie omgewing gesien het;

- Bojosi het 'n Ford Granada besit waarmee hy kort voor die aanval rondgery het toe hy die gesteelde bakkie gaan weggooi het. Steyn getuig dat hy om ongeveer daardie tyd 'n wit Ford Granada wat uit KwaMadala Hostel afkomstig was in Nobel Boulevard opgemerk het;
- Volgens Bojosi het 'n motorvoertuig in Frikkie Meyer Boulevard 'n u-draai gemaak toe hulle die pad oorgesteek het. De Jager getuig dat hy om 09:35 in Frikkie Meyer Boulevard 'n U-draai gemaak het toe hy 'n groep mense die pad sien oorsteek;
- Bojosi vermeld dat sy groep na die aanval in die veld wes van Boipatong op die ander groep wag. Cloete getuig dat twee groepe uit gekom het. Ook Albert Nonyane, wat met sy fiets deur die veld gery het, sien die persone buite Boipatong;
- Bojosi getuig dat terwyl hulle oor Frikkie Meyer Boulevard stap sien hy 'n trok daar staan. Cloete getuig dat hulle in 'n Buffel op die middelman wag terwyl die gewapende groep die pad oorsteek;
- Meerdere inwoners van Boipatong staaf Bojosi se getuienis dat die aanvallers lappies om hulle koppe gehad het, dat hulle met tradisionele wapens toegerus was en dat die aanvallers die

woord/...

woord "usotho" gebruik;

- Bojosi se getuienis dat die sirene die aand geaktiveer is, dat die inwoners by die stadion byeen gekom het en dat die vroue daar weg gewys is, word gestaaf deur Theresa Mofokeng;
- Bojosi se getuienis dat 'n Sierra voertuig se petroltenk Hlubistraat 773 stukkend gesteek is word gestaaf deur die getuienis van mev Mbhele dat die motor na die motorhawe gesleep moes word omdat dit nie wou vat nie;
- Bojosi se getuienis oor die gebruik en betekenis van "Ntelezi" word deur Davidson gestaaf.

Namens die beskuldigdes is aangevoer dat Bojosi nie geglo kan word nie, aangesien sy getuienis deurspek is van weersprekings en inherente onwaarskynlikhede. Ook van belang, so het die argument namens beskuldigdes gelui, is die wyse waarop Bojosi 'n staatsgetuie geword het, die wyse waarop hy sy getuienis afgelê het, sy moontlike motiewe om leuens te vertel en sy karakter. So het Bojosi op verskeie geleenthede tydens die afneem van verklarings leuens vertel om die gereg te ontduik. 'n Reeks insident, sommige ernstige en ander minder ernstig, waartydens hy homself weerspreek het, is aan my voorgehou. Ek meld nie al die weersprekings hier nie, maar hou in gedagte dat hy hom inderdaad weerspreek het. Insgelyks is daar ook gewys op onwaarskynlikhede in sy getuienis wat ek steeds in gedagte hou.

Dit is verder namens ie beskuldigdes geargumenteer dat Bojosi (en trouens ook Moloi en Mnqithi) in 'n sameswering betrokke was om die beskuldigdes te impliseer. Daar sou, volgens die argument, skynbaar in samewerking met die Suid-Afrikaanse

Polisie/...

Polisie getuienis teen die beskuldigdes gefabriseer word. Aanduidings van die fabrikasie is dan onder andere die volgende:

- Die drie medepligtiges en die getuie Theresa Mofokeng is misdadigers en die verbintenis tussen hulle kan geleë wees in 'n misdadige subkultuur;
- Al vir die persone was werkloos en dus ekonomies beïnvloedbaar;
- Die feit dat Bojosi en Moloi op een dag gearresteer word nadat hulle vroeër vrygelaat is, word nie in getuienis deur die polisie verduidelik nie;
- Die feit dat Bojosi en Moloi sonder hul prokureur in die hof verskyn het toe die saak teen hulle teruggetrek is;
- Daar is, so het die argument gelui, 'n aanduiding dat Bojosi en Moloi met mekaar in kontak was gedurende hul aanhouding as beskermde getuies;
- Die feit dat die medepligtiges 'n "valse roete" deur die hoofhek sou aandui bied steun vir die samesweringsteorie;
- Die feit dat Mnqithi nie tot beskikking van die Goldstone-kommissie of die polisie gestel is nie en eers op 'n "laat stadium" aan die staat beskikbaar gestel is, laat die moontlikheid dat Mnqithi deur die ANC voorgesê is.

Ek het sorgvuldig al die argumente wat in die verband aan my voorgelê is oorweeg, maar tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen meriete in dié weergawe is nie. My redes is kortliks

die/...

die volgende. Ter aanvang net dit: Die getuienis is oorweldigend - en tydens argument het die advokate namens die beskuldigdes dit ook so aanvaar - dat die aanvallers van Boipatong gedurende die aand van 17 Junie 1992 uit afkomstig was. Waarom dan sou die medepligtiges opsetlik en valslik hierdie beskuldigdes identifiseer as deel van die aanvallers? Ek kan verstaan dat daar by individuele gevalle 'n fout met die identiteit van 'n aanvaller gemaak kan word, maar is dit myns insiens onder hierdie omstandighede hoogs onwaarskynlik dat daar 'n valse samewerking sou wees om die beskuldigdes voor die hof by die aanval te betrek. Daarbenewens, ten aansien van die spesifieke argumente wat ten gunste van die bestaan van 'n sameswering geopper is, die volgende:

Daar is geen getuienis dat enige van die medepligtiges of Theresa Mofokeng voorheen saam in misdade betrokke was nie en hoe 'n sogenaamde verbintenis tussen hulle in 'n misdadige subkultuur geleë kan wees, is moeilik te verstane. Insgelyks is daar geen getuienis of selfs 'n suggestie gemaak dat enige van die vier getuies ekonomies beïnvloed is nie. Daar is wel melding van gemaak dat die medepligtiges 'n daaglikse vergoeding ontvang terwyl hulle in aanhouding was, maar word hierdie vergoeding deur regulasies in wetgewing vasgelê. Ek vind ook niks vreemds daarin dat Bojosi en Moloi op dieselfde dag gearresteer is nie en dit is nie so dat hulle gearresteer is "nadat hulle vroeër vrygelaat" is nie. Hulle was vroeër, net soos die ander inwoners van die hostel, aangehou vir ondervraging en toe vrygelaat. Ek kan ook nie verstaan hoe die feit dat die medepligtiges sonder hul prokureur in die hof verskyn het toe die saak teen hulle teruggetrek is, aanduidend kan wees van "sowel beïnvloeding as samespanning tussen die getuies" nie. Ek

aanvaar/...

aanvaar dat daar gepoog sou word om die medepligtiges van die beskuldigdes weg te hou nadat die medepligtiges reeds versoek het om in beskermende aanhouding geplaas te word. As medepligtiges bereid is om met die polisie saam te werk, selfs al het hulle vroeër te kenne gegee dat hulle nie verdere verklarings wil maak nie is dit, myns insiens, geen aanduiding van 'n sameswering met die polisie nie.

Daar is geen aanduiding dat Bojosi en Moloi met mekaar in kontak was gedurende hul aanhouding nie - inteendeel die getuienis is duidelik tot die teendeel. Ek ondervind ook probleme met die argument dat die roete deur die hoofhek waaroor die medepligtiges getuig het, steun sou bied vir die samesweringsteorie. Die suggestie is dat die getuies oor die roete sou leuens vertel om die leiers van die hostel te betrek. As die getuies die leiers opsetlik en valslik wou betrek, verstaan ek nie waarom hulle nie die leiers in Boipatong in die aanval geplaas het nie. Al drie die medepligtiges vermeld die roete deur die hoofhek en beskuldigde 73 gee toe dat die roete agterom die hostel nie maklik deur 'n groot groep persone gevolg sou kon word nie. Ook Morison se getuienis was dat dele van die area tussen die hostel en Frikkie Meyer Boulevard ontoeganklik was as gevolg van moerasagtigheid. Daarbenewens is dit moeilik te begryp waarom die medepligtiges die totaliteit van die hostel en die leiers daarvan sou wou betrek en dit dan inderdaad nie doen nie.

Die getuie Mnqithi is deur die staat geroep om hoofsaaklik die bewering dat die medepligtiges deur die polisie voorgesê is, te weerlê. Dié getuie is deur die ANC aan die staat beskikbaar gestel en self deur die ANC na die hof gebring. (Ek sal later meer volledig hiermee handel). Die ANC se saak voor

die/...

die Goldstone-kommissie was dat die polisie vir die aanval verantwoordelik was. Dit wil my voorkom dat die ANC tydens die sitting van die Goldstone-kommissie ten minste deur hierdie getuie daarvan bewus was dat die nié verantwoordelik was vir die aanval nie (ook 'n aspek waarmee ek later meer volledig sal handel). Die enigste afleiding van hierdie feite is nie dat die ANC Mnqithi voorgesê het om die beskuldigdes te impliseer nie. Dit wil my eerder voorkom of die ANC die getuie van die Kommissie weerhou het omdat die getuie nie hulle saak gesteun het nie.

Opsommenderwys is ek tevrede dat daar geen substansie in die argument is dat Bojosi (en die ander medepligtiges) in 'n sameswering betrokke was om die beskuldigdes voor die hof by die aanval in Boipatong te impliseer nie.

Terwyl ek steeds in gedagte hou dat Bojosi 'n medepligtige is wie se getuienis versigtig benader moet word; dat daar heelwat gebreke en foute in sy getuienis is, is ek tog tevrede dat hy nie 'n leuenagtige of onbetroubare getuie is nie. Basies, meen ek, vertel hy die waarheid en is sy getuienis in breë trekke bevredigend. Daar is getrouheidswaarborge vir sy getuienis te vinde in stawing van ander getuies, omstandigheidsgetuies, waarskynlikhede uit ander bewese feite en faktore wat blyk uit die verdedigingsaak.

<u>MNR OUPA MOLOI</u>

Mnr Moloi het op die dag van sy arrestasie 'n bekentenis aan 'n landdros gemaak waarin hy 'n weergawe verstrek wat in wesenlike opsigte met sy getuienis in die hof ooreengestem het. Hierdie feit op sigself bied reeds 'n waarborg teen die suggestie van voorsegging of sameswering wat deur die verdediging gemaak is. Ek hou egter in gedagte dat van sy verklarings wel

weersprekend/...

weersprekend is.

Hy het ook in sy getuienis toegegee dat hy met sekere van die beskuldigdes voor die beweerde insident probleme ondervind het. Dit is ook in kruisverhoor aan hom gestel dat hy ook met die ander beskuldigdes vroeër probleme gehad het. Hy het hierdie stelling ontken en opmerklik was dit dat daar geen getuienis aan die hof voorgelê is om hierdie stellings te ondersteun nie.

Ek het ook nie die in indruk gekry dat hy enige van die beskuldigdes ten alle koste wil impliseer nie. So getuig hy spontaan dat hy glo dat beskuldigde 69 op 17 Junie 1992 in 'n ander hostel was. Insgelyks dui sy getuienis oor die gesprek wat hy met beskuldigde 74 gehad het voor die aanval op sy objektiwiteit.

Moloi se getuienis word deur heelwat onbetrokke getuies se getuienis gestaaf:

- Sy getuienis oor die roete wat gevolg is en gebeure in Boipatong word gestaaf deur De Jager, Cloete, Botha, Mahasela en verskeie inwoners van Boipatong;
- Sy getuienis oor die bestaan en beskadiging van die Peugeot motorvoertuig in die omgewing van Tugelastraat word deur Aaron Pesa bevestig;
- Sy getuienis oor die moorde op die Nonjoli-kinders word in belangrike opsigte deur Alice Nonjoli ondersteun, byvoorbeeld dat daar drie persone in die vertrek was en dat een die kamer voor die ander verlaat het, die pleidooi deur een van die slagoffers, die diefstal en die kleur van die kinderfiets, die feit dat een van

die/...

die kinders met 'n spies gesteek is en die plek waar die volwasse vrou aangeval is;

- Sy getuienis dat beskuldigde 67 met 'n 9-millimeter pistool gewapen was en skote in die huis gevuur het, word gestaaf deur die getuienis van luitenant D C Van der Merwe, Patrick Nonjoli en die uitslag van die ballistiese toets op die koeël wat uit die liggaam van een van die slagoffers verwyder is;
- Sy getuienis oor die gebeure by huis 761 Hlubistraat (hoek van Lekoastraat) word deur Samuel Mashope ondersteun in meerdere opsigte;
- Sy getuienis oor 'n brand by die huis op die hoek van Hlubi- en Bafokengstraat word ondersteun deur Dinah Manyika wat brandskade in die huis vind en Ernest Mthimkulu wat ook die brandende band sien;
- Sy getuienis dat 'n twee-plaat stoof onder die goed was wat gesteel is word gestaaf deur die getuienis van Popo Hlubi dat so 'n stoof vermis is;
- Sy getuienis dat hy met die polisie in geskil was toe hulle goed uit die kamers wou verwyder word gestaaf deur die video-opname wat gemaak is van die gebeure.

Namens die beskuldigdes is aangevoer dat Moloi van die begin af vyandiggesind teenoor die beskuldigdes was. Dit blyk, so is geargumenteer, dat hy van die begin af by meerdere geleenthede aangespreek en vermaan moes word om harder te praat. Ek is nie oortuig dat hierdie 'n aanduiding van 'n vyandige

gesindheid/...

gesindheid was nie, maar meen en het die indruk gekry dat dit eerder daaraan toe te skryf is dat Moloi 'n vrees vir die beskuldigdes gehad het.

Daar is ook persoonlike aanvalle op Moloi gedoen en beweer dat hy 'n krimineel en 'n bloeddorstige persoon is. Al is dit so meen ek nie dat die feite negatief op sy getuienis inwerk nie. Ook sy drankgebruik meen ek het geen invloed op sy betroubaarheid as 'n getuie nie.

Moloi is ook gekritiseer oor die wyse waarop hy 'n staatsgetuie geword het en sy skielike ommeswaai wat nie bevredigend verduidelik is nie. In die verband word gesinspeel dat die polisie hom beïnvloed het. Myns insiens is hierdie kritiek bloot spekulatief van aard en is daar soos voorheen vermeld geen getuienis om die spekulasie te staaf nie.

Ek hou wel in gedagte die weersprekings wat daar in sy getuienis was asook die weersprekings tussen sy getuienis en die getuienis van ander getuies maar moet sê dat al die weersprekings nie by my die indruk gewek het dat Moloi 'n onbetroubare getuie was nie. Weliswaar is Moloi 'n karakter op sy eie wat by geleenthede arrogant voorkom en sy drank geniet, maar ek het deurgaans die indruk gekry dat hy na die beste van sy vermoë openhartig getuig oor wat hy meen sy herinnering van die gebeure was.

<u>EUGENIUS MNQITHI</u>

Van die drie medepligtige getuies was Mnqithi by verre die mindere indrukwekkende getuie. Sowel sy getuienis as sy voorkoms in die hof het by my die indruk gelaat dat hy nie altyd 'n betroubare getuie was nie. Ek weet egter nie en kan moeilik oordeel tot welke mate Mnqithi se eerlikheid dan wel ander faktore bydra tot sy onbetroubaarheid as getuie.

Mnqithi/...

Mnqithi het hom kort na die aanval onder die beskerming van die ANC bevind en hy word dan ook aan die staat beskikbaar gestel deur ene Johnson van die ANC se "peace desk". Dit blyk nie duidelik uit sy getuienis of Johnson hom uit eie beweging beskikbaar gestel het en of hy beskikbaar gestel is na aanleiding van 'n versoek deur die staat nie. Hy was egter nooit in polisie-aanhouding nie en het geen kontak met die ondersoekbeamptes in hierdie saak gehad nie en het eers 'n paar weke voor hy getuig het vir die eerste keer in aanraking gekom met die staatsadvokate.

Mnqithi getuig dat hy in Augustus 1992 'n verklaring aan die prokureur Caroline Nicholls van die firma Nicholls en Cambanis gemaak het, welke verklaring met hom deurgegaan is en hy dit toe onderteken het. Hy was na die firma geneem om inligting te verskaf oor die gebeure by Boipatong. Terwyl die getuie getuig het was Nicholls in die hof teenwoordig en het die staat met haar medewete op rekord geplaas dat nadat die staat by die prokureurs navraag gedoen het oor die bestaan van so 'n verklaring die prokureur meegedeel het dat daar nie so 'n verklaring bestaan nie. <u>Of</u> Mnqithi óf Nicholls vertel leuens oor die bestaan van die verklaring. Ek weet nie wie die leuens vertel nie en ek weet ook nie waarom daar leuens oor die bestaan van die verklaring vertel word nie. Dit lyk vir my uiters onwaarskynlik dat die prokureurs nie 'n verklaring van die getuie sou neem nie. Ek kan nie van hierdie omstandighede enige negatiewe afleiding teen Mnqithi maak nie.

Namens die beskuldigdes is geargumenteer dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat Mnqithi deur die ANC beïnvloed is om te getuig soos hy getuig het, omdat die ANC 'n direkte politieke belang by 'n skuldigbevinding in die saak mag hê en omdat

die/...

die ANC, soos dit uit veelvuldige ander getuies se getuienis blyk, uit hul pad gegaan het om getuienis van die polisie te weerhou en hierdie getuie in besonder nooit aan die polisie aangebied is nie.

Weerhouding van afwykende verklarings deur buite-instansies is nie onderhewig aan die normale sanksies wat in 'n strafsaak daaraan gekoppel is nie en 'n normale polisie-ondersoek het nie ten opsigte van die getuie geskied nie. Alhoewel die argument ie sonder meriete is nie, kom dit tog vreemd voor dat die ANC hierdie getuie sou beïnvloed om teen die beskuldigdes te getuig terwyl dit by die Goldstone-kommissie hulle saak was dat die polisie vir die aanval verantwoordelik was en hierdie getuie onomwonde getuig het dat die polisie niks met die aanval te doen gehad het nie.

Omdat verteenwoordigers van die ANC nie in dié verband voor my getuig het nie en omdat die getuie se verklaring om een of ander rede nie beskikbaar is nie, kan ek egter geen finale bevinding maak nie en moet ek net nog 'n vraagteken oor die betroubaarheid van Mnqithi se getuienis plaas. Ek kan maar net my misnoeë uitspreek met die wyse waarop daar met die normale loop van die regsproses ingemeng is deur mense of instansies wat 'n direkte politieke belang het by die uitslag van hierdie saak. Al die getuienis dui daarop dat hierdie bemoeisieke inmenging ten minste deels daarvoor verantwoordelik was dat meerdere persone wat aandadig was aan die gruwelike aanval nie tot verantwoording vir hulle optrede geroep kon word nie of weens 'n gebrek aan getuienis vry moes gaan.

In dié verband getuig Alice Nonjoli dat sy deur familielede aangesê is om nie 'n verklaring aan die polisie te maak nie omdat 'n persoon dood gevind is omdat hy 'n verklaring

gemaak/...

gemaak het. Popo Hlubi getuig dat toe hy sy eerste verklaring aan die polisie gemaak het hy leuens vertel het omdat die ANC en die PAC hom aangesê het om nie 'n korrekte verklaring te maak nie. Verskeie van die staatsgetuies - onder andere P Mhlangeni, F Mokaba, P Mampofu, A Nonjoli, J Mbango en E Nyokong het eers verklarings gaan aflê nadat die verhoor in aanvang geneem het. Intussen het die ANC inwoners versoek om by 'n skool in Boipatong, waar verteenwoordigers van die ANC was, verklarings te gaan aflê. By die Sebokeng hospitaal het die polisie op 18 Junie 1992 geweldige teenstand van die hospitaalpersoneel ondervind en is die polisie nie toegelaat om enige verklarings van slagoffers te neem nie. Dit is jammer, maar ontstellend, dat mense en instansies só optree.

Daarteenoor is daar ook objektiewe stawing vir Mnqithi se getuienis. Soos by Bojosi en Moloi se getuienis word ook hierdie getuie se getuienis oor die roete wat gevolg is gestaaf deur De Jager, Cloete, Botha en andere. Hierbenewens egter is Mnqithi se getuienis dat by die terugkeer by die hostel se hek hy gesien het dat een van die weermagvoertuie met die teerpad wat voor die hostel verbyloop op pad is. Hierin word hy gestaaf deur Cloete en Botha se getuienis waaruit dit blyk dat hulle 'n rukkie na die groep persone Frikkie Meyer Boulevard gekruis het na KwaMadala Hostel gery het. Verder word die getuie Mnqithi ook gestaaf deur die inwoners van Boipatong se getuienis aangaande die aanvallers se voorkoms en hulle wapens, die gebruik van die wagwoord "usotho" en die gebruik van "Ntelezi". Ook Mnqithi se erkenning dat hy 'n bierhouer vol plate gesteel het word gestaaf deur Mary Baloyi se getuienis dat haar plate wat in 'n bierhouer was, gesteel is. Mnqithi sien ten slotte, in dié verband, hoe die aanvallers 'n

brandende/...

brandende buiteband by 'n hoekhuis ingooi. Hierin word hy ook gestaaf deur Ernest Mthimkulu wat kort voor die aanval 'n brandende buiteband sien by die hoek van Hlubi- en Bafokengstraat en Dinah Manyika wat na die aanval 'n buiteband en brandskade aantref in die hoekhuis geleë te 734 Hlubistraat.

In die lig van al hierdie omstandighede meen ek dat die argument namens die beskuldigdes nie korrek is dat ek geen notisie van Mnqithi se getuienis kan neem en dit in geheel moet verwerp nie. Die grootste belang van hierdie getuie se getuienis, benewens die stawing wat dit vir die ander medepligtiges se getuienis bied, is die feit dat hy nooit met die ondersoekspan of die ander medepligtiges enige kontak gehad het nie en sy getuienis dus suggestie van polisiebetrokkenheid of -voorsegging weerlê.

As daar dan 'n vergelyking gemaak word van die weergawes van die drie medepligtige getuies is daar vele punte van ooreenkoms in die breë relase van die drie getuies. Daar moet in dié verband in gedagte gehou word dat elkeen van die medepligtiges hulle tussen bewegende groepe bevind het en onmoontlik alles kon waarneem wat die ander waargeneem het. Tog blyk dit dat al drie die medepligtiges dieselfde roete na Boipatong aandui en al drie meld die skietery by die kruising van Moshoeshoe- en Lekoastraat. So vermeld Moloi en Mnqithi ook beide van gevalle waar beskuldigde 67 op persone vuur. Mnqithi se getuienis dat hy 'n bierhouer met plate en 'n platespeler steel, word gestaaf deur Bojosi se getuienis dat hy Chipa (dit is Mnqithi se bynaam) hierdie houer met plate sien dra het. Sowel Bojosi as Moloi verwys na die insident by 'n Peugeot motorvoertuig in die omgewing van Tugelastraat. So ook verwys beide Bojosi en Moloi na die gebeure by 761 Lekoastraat:

Bojosi /...

Bojosi sê hy stap verby die perseel en sien mense wat ingaan in die perseel en wat besig is om die deur oop te kry - Moloi sê hy is een van dié wat ingegaan het en 'n musieksentrum daar gesteel het en sien ook 'n stekery met 'n assegaai in 'n bed. Samuel Mashope bevestig dat daar hoëtroustelle gesteel is en dat mense gedood is. Huis 773 Hlubistraat word deur al drie die medepligtiges uitgewys Bojosi getuig dat 'n Sierra motorvoertuig half binne die motorhuis staan (welke feit bevestig word deur Schlebusch, Mbhele en Ramothobi) terwyl beide Bojosi en Mnqithi getuig oor die beskadiging van die Sierra. Moloi getuig dat hy die deur van hierdie huis oop skop en ingaan en dat twee muurhorlosies en ander goedere in die huis deur van sy makkers gesteel is. Mev Mbhele staaf Moloi se getuienis dat twee muurhorlosies gesteel is. Al drie die medepligtiges verwys ook na insidente in 'n huis op die hoek van Bafokeng- en Hlubistraat. Insgelyks meld al drie die medepligtiges van die teenwoordigheid van SAW-voertuie. Bojosi getuig dat beskuldigde 67 op so 'n voertuig skiet terwyl Moloi ook getuig van die SAW-voertuig wat hy buite Boipatong waarneem en Mnqithi sê hy sien twee SAW-voertuie. Hierdie weergawes pas aan by die getuienis van Cloete, Roberts en Botha aangaande die teenwoordigheid van SAW-voertuig op die toneel. Verder getuig al drie die medepligtiges dat hulle kennis dra van die feit dat beskuldigde 67 per ongeluk deur een van sy makkers beseer is tydens die aanval. Ten slotte, in dié verband, getuig al drie die medepligtiges oor die verbranding van goedere wat uit Boipatong saamgebring is.

Dit is egter ook so dat daar sekere insidente is wat net deur een van die medepligtiges waargeneem en beskrywe is, maar soos hierbo vermeld, meen ek dit is verstaanbaar binne die

breë/...

breë loop van getuienis. Die vraag ontstaan dan wat is die effek van hierdie verskille en weersprekings in die getuienis van medepligtiges. In dié verband verwys ek na 'n voordrag gehou deur H C NICHOLAS tydens die Oliver Schreiner Gedenklesing gehou op 28 Augustus 1984 en gerapporteer in 1985 SALJ32 waar die geleerde appèlregter hom as volg uitlaat op p35:

> "The argument is often advanced in court that, because witnesses' accounts disagree, they lack veracity, and considerable time is spent in establishing, and basing argument on, contradictions and discrepancies. Such argument is fallacious.
>
> It is the case that where two or more witnesses give consistent evidence that may be a strong and indeed a decisive indication that their story is a credible one. In this regard Professor Starkie said:
>
>> 'The consistency of testimony is also a strong and most important test for judging of the credibility of witnesses. Where several witnesses bear testimony to the same transaction, and concur in their statement of a series of particular circumstances, and the order in which they occurred, such coincidences exclude all apprehension of mere chance and accident and can be accounted for only by one or other of two suppositions; either the testimony is true, or the coincidences are the result of concert and conspiracy. If, therefore, the independency of the witnesses be proved, and the supposition of previous conspiracy be disproved or rendered highly improbable, to the

> same extent will the truth of their testimony be established.
>
> So far does this principle extend, that in many cases... the credit of the witnesses themselves for honesty and veracity may become wholly immaterial. Where it is once established that the witnesses to a transaction are not acting in concert, then, although individually they should be unworthy of credit, yet if the coincidences in their testimony be too numerous to be attributed to mere accident, they cannot possibly be explained on any other supposition than that of the truth of their statement.'

But the converse is not true. It is not the case that lack of consistency between witnesses affords any basis for an adverse finding on their credibility. Where contradictory statements are made by different witnesses, obviously at least one of them is erroneous, but one cannot, merely from the fact of the contradiction, say which one. It follows that an argument based only on a list of contradictions between witnesses leads nowhere so far as veracity is concerned. The argument must go further, and show that one of the witnesses is lying. It may be that the court is unable to say where the truth lies as between contradictory statements, and that may affect the question whether the onus of proof has been discharged: but that has nothing to do with the veracity of the witnesses."

Verder op p41 verklaar die geleerde appèlregter, na

aanleiding van eksperimente om die waarnemingsvermoë van ooggetuies te toets, as volg:

"This shows the futility of the exercise, frequently performed by cross-examiners, of raking at tedious length over the evidence of different eyewitnesses in order to uncover contradictions, variances, omissions, discrepancies, differences and inconsistencies. For the most part it shows no more that what is to be expected, namely, that eyewitnesses differ from one another in their accounts and are liable to error."

Ek is van oordeel dat die geheel van die getuienis van die drie medepligtiges bymekaar aansluit en onderling sterk stawing bied. Daarbenewens word verdere stawing gebied deur die getuienis van onafhanklike getuies en inwoners. Ek aanvaar gevolglik die algemene strekking van die drie medepligtiges se getuienis.

Omdat haar getuienis so belangrik is, oorweeg ek ook die getuienis van Theresa Mofokeng afsonderlik. Sy is nie 'n medepligtige nie en bied in haar getuienis, as dit aanvaar word, belangrike stawing vir die kern bewering deur die medepligtiges:

- Sy getuig dat vergaderings by die hostel bygewoon moet word;
- Op 17 Junie 1992 is die inwoners van die hostel deur middel van 'n sirene na 'n vergadering in die stadion geroep. Vroue is weg gekeer van die vergadering af;
- Die mans wat haar kamer gedeel het, het 'n rukkie later wapens kom haal, lappies geskeur en

is/...

is toe weer uit;

- Sy het weer na die stadion gegaan, maar daar was niemand in die stadion of die binneplein ine. Sy het in die kamer langs hare ook net vrouestemme gehoor;
- Die mans het later teruggekeer. Hulle was gewapen en daar was lappies om hulle koppe gebind.
- In 'n ander kamer het sy gehoor toe iemand in 'n groep gemeld het dat hulle vir "onluste" in Tshirella (Boipatong) verantwoordelik was;
- Sy staaf die bewering dat beskuldigde 65 reeds op 17 Junie 1992 in KwaMadala Hostel gewoon het;
- Sy sien op die oggend van 18 Junie 1992 dat beskuldigde 60 in besit van 'n bebloede duvet was, wat hy laat was het;
- Sy vermeld dat goedere wat vanaf Boipatong afkomstig was by die hostel verbrand is.

Dit is namens die beskuldigdes betoog dat daar geensins op die getuienis van Theresa Mofokeng staatgemaak kan word nie. Meerdere redes hiervoor is aangevoer.

Ter aanvang is aangevoer dat sy 'n swak karakter het en daarom maklik beïnvloedbaar is om 'n verdigsel aan die hof voor te hou. Haar sedelike karakter het myns insiens in die huidige saak geen verband met haar geloofwaardigheid nie. Ek het nooit die indruk gekry dat sy deur iemand beïnvloed is om getuienis af te lê nie. Ek dink in ieder geval nie sy het die verstandelike vermoë om die getuienis wat sy afgelê het te herhaal nadat iemand dit aan haar voorgesê het nie.

Groot/...

Groot ophef is ook daarvan gemaak dat sy eers nadat Bojosi reeds getuig het as getuie na vore kom en dat daar geen verduideliking verstrek is om die omstandighede waaronder sy as getuienis opgespoor is toe te lig nie. Die beskuldigdes se verweer wat aan staatsgetuies gestel is was 'n sameswering om die beskuldigdes onskuldig te betrek. Daar is niks buitengewoon daaraan en dit gebeur daagliks dat die staat, soos die verwere gestel word, verdere ondersoek doen en verdere getuies ondervra om die verwere te weerlê nie. Daar is, myns insiens, niks verdag daaraan dat Theresa Mofokeng later as getuie opgespoor is nie.

Daar is ook beweer dat Theresa Mofokeng direkte kontak met Bojosi gehad het, 'n feit wat sy eers ontken het, maar later toegegee het. Dit is nie so dat die twee direkte kontak gehad het nie - hulle was wel vir een nag in dieselfde polisiestasie maar soos ek reeds hierbo gemeld het, meen ek die moontlikheid van kollusie is so gering dat dit buite rekening gelaat kan word.

Daar is vervolgens ook gewys op leemtes in haar getuienis en weersprekings met die ander getuies. Dit is so dat daar sekere gebreke in haar getuienis is en het sy foute gemaak soos byvoorbeeld met die uitkenning van Prins Fanana Zulu (Mtwana). My indruk was egter dat hierdie tekortkominge te wyte was aan 'n feilbare geheue en verloop van tyd. Ek het egter nooit die indruk gekry dat die getuie oneerlik was of opsetlik enige van die beskuldigdes wou impliseer nie. Desnieteenstaande die kritiek wat daar teen haar getuienis ingebring kan word, meen ek tog dat sy 'n bevredigende getuienis was wat die gebeure probeer weergee het na die beste van haar vermoë.

<u>POLISIEBETROKKENHEID</u>

Alvorens/...

Alvorens ek oorgaan tot die oorweging van die saak teen elke individuele beskuldigde is dit nodig dat ek eers oorweging skenk aan die bewerings dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie betrokke was by die aanval. Uit die aard van die saak mag sodanige betrokkenheid, as dit gevind word, die skuld en aandeel van die beskuldigdes in die aanval ten nouste raak. Daarbenewens egter hou enige polisiebetrokkenheid ook en nouste verband met die geloofwaardigheid van die drie medepligtige getuies in soverre hulle al drie ontken dat die polisie enigsins betrokke was.

Soos reeds vantevore vermeld, ontken die beskuldigdes dat hulle enige aandeel gehad het in die aanval op Boipatong gedurende die aand van 17 Junie 1992. Uit hoofde van hulle verweer beweer die beskuldigdes dat hulle nie in staat is om te vermeld wie verantwoordelik was vir of meegedoen het aan die aanval nie, maar vermeld hulle tog dat daar na die aanval gerugte was dat die Suid-Afrikaanse Polisie en meer in besonder blanke lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, betrokke was. Die staatsgetuies is met bewerings van ooggetuies wat polisiebetrokkenheid tydens die sitting van die Goldstone-kommissie beweer het, gekonfronteer en tydens die verdedigingsaak is twee getuies, ene Sello en ene Mabuza, geroep om polisiebetrokkenheid te bewys.

Hierbenewens het dit reeds vroeg tydens die verhoor aan die lig gekom dat patroondoppies en -punte wat na die aanval by 'n sekere huis gevind is, deur die Suid-Afrikaanse Polisie vernietig is en het die vraag ontstaan of die vernietiging van die bewysstukke met <u>mala fides</u> gepaard gegaan het.

Tydens die sitting van die Goldstone-kommissie is daar onder andere ook getuienis aangebied oor die herwinbaarheid al

dan nie van klankopnames van radio- en telefoongesprekke wat gedurende die aand van die aanval in die radiokamer van die afdeling Binnelandse Stabiliteit van die Suid-Afrikaanse Polisie opgeneem is. Tydens die huidige saak is dit aan die polisiegetuies gesuggereer dat daar 'n <u>male fide</u> poging aan die kant van die polisie was om die klankopnames uit te wis om sodoende polisiebetrokkenheid te verberg. In die verband is gebruik gemaak van 'n transkripsie van 'n opname van 'n gesprek wat na bewering tussen lede van die polisiemag gedurende die aand van die aanval sou plaasgevind het en waaruit die suspisieuse en onverklaarbare teenwoordigheid van polisievoertuie in die omgewing van die KwaMadala Hostel sou blyk. In wat hierin volg word aandag geskenk aan die drie opsigte waarin dit beweer is dat die polisie betrokke was, nadat ek al die advokate versoek het om my tydens argument volledig oor dié onderwerp toe te spreek.

<u>Voertuig en/of ander bystand aan die aanvallers</u>

Van staatsweë is getuienis aangebied dat daar kort voor die aanval en baie kort na die aanval wel Suid-Afrikaanse Polisievoertuie in Boipatong teenwoordig was. Alfred Msibi getuig dat voor die voorval om ongeveer 21:00 'n Hippo in Boipatong was wat die "comrades" wat op die hoeke van die strate vergader het, uitmekaar gejaag het. Ook Saul Ngakane hoor 'n Hippo verbyry voor die aanval op sy huis. Elias Nyokong van 487 Bafokengstraat getuig dat hy bewus was van die "comrades" en "self-defence units" in Boipatong. Hy het ook by geleentheid vir hulle wagdienste verrig. Die aand voor die aanval op Boipatong het hy ook waggestaan op die hoek van Umzimvubustraat toe die Suid-Afrikaanse Polisie aangekom het en hulle uitmekaar gejaag het deur traangas te skiet. Dit was ongeveer 20:00.

Die/...

Die polisie het aan hulle te kenne gegee dat hulle nie groepies mense in die aand in die strate van Boipatong wil sien nie.

Meerdere staatsgetuies getuig dat hulle na die aanval Suid-Afrikaanse Polisievoertuie gesien of gehoor het. Salaminah Moroe getuig aanvanklik dat sy na die aanval op haar huis 'n Casspir-voertuig gesien ry het in Hlubistraat wat links gedraai het in Ngwenyastraat. Toe die getuie op 'n stadium herroep is, getuig sy egter dat sy slegs aangeneem het dat die Casspir afgedraai het in Ngwenyastraat omdat sy die voertuig nie meer kon sien nie. Sy kan die moontlikheid dat die voertuig teruggestoot het in Hlubistraat nie uitsluit nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat die voertuig wat sy gesien het die voertuig van sersant Schlebusch was waarna ek later sal verwys. April Dlamini sien 'n Hippo staan by die end van Moshoeshoestraat nadat die aanval verby is. Jacob Letsela hoor na die aanval die geluid van 'n Hippo of Casspir, maar is nie in staat om te sê hoe lank na die aanval nie. Ook Alfred Msibi sien na die aanval 'n Hippo staan op die hoek van Bafokeng- en Hlubistraat. Dorcas Masha sien na die aanval om ongeveer 01:45 'n Hippo by die winkels staan. Neria Maloka hoor na die aanval verby is SAP-voertuie wat ry in Sekhukhunestraat. Ook Ernest Mthimkulu hoor lank na die aanval 'n Casspir. So ook Ester Malindi. Samuel Mogatsani sê hy hoor swaar voertuie in die teerpad. Roseline Msibi sien 'n Hippo afbeweeg in Hlubistraat in die rigting van Yskor en sien later dieselfde Hippo weer in Hlubistraat afbeweeg na Slovopark. Jemina Pheko hoor na die aanval 'n voertuig brul in die omgewing van Bafokengstraat en Florinah Mokaba sien na die aanval 'n Hippo in Lekoastraat.

Sersante Schlebusch en Kruger van die Binnelandse

Stabiliseringseenheid/...

Stabiliseringseenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie te Vereeniging getuig beide dat hulle kort a die aanval met voertuie Boipatong binnegegaan het. Volgens Schlebusch het hy ongeveer 21:45 'n berig ontvang dat 'n groep mense in Boipatong besig was om inwoners en hul huise aan te val. Hy het dadelik na Boipatong gegaan en in Lekoastraat het hy 'n ander Casspir met 'n kamoefleer-kleur van die Boipatong Munisipale Polisie aangetref. Sowat drie blokke vanaf die bopunt van Lekoastraat het hy 'n swart man, Abednego Mabuza, aangetref wat gepoog het om een van die voertuie te stop. Hy het stilgehou en Mabuza het in sy voertuig ingeklim en hom meegedeel dat sy huis aangeval is. Schlebusch het sy drywer opdrag gegee om 'n ent verder in Hlubistraat te ry sodat vasgestel kon word of ander huise ook aangeval is. Nadat hulle 'n ent in Hlubistraat gery het en vasgestel het dat ander huise ook aangeval is, het hy teruggestoot in Hlubistraat tot by huis 761. Hy het ondersoek ingestel en 'n groep jeugdiges het in die straat begin saamdrom en gedreig om na KwaMadala oor te gaan. Schlebusch het uit Boipatong onttrek en in die veld oorkant Unipark Motors gaan wag. Later is hy weer Boipatong binne waar hy die lykswaens van huis tot huis vergesel het.

Kruger getuig dat hy om 21:45 'n berig ontvang het en vir Schlebusch opdrag gegee het om na Boipatong te gaan. Later het hyself ook soontoe gegaan. Hy het eers na KwaMadala Hostel gegaan en toe na Boipatong waar hy Schlebusch aangetref het. Beide van hulle het Boipatong verlaat en in die veld gaan wag.

Soos reeds vermeld het Joseph Sello en Abednego Mabuza namens die verdediging kom getuig en was die effek van hulle getuienis dat die aanvallers óf vervoer is deur SAP-voertuie

(Sello) of dat die voertuie die aanvallers vergesel het (Mabuza).

Sello getuig dat hy die aand van die aanval twee Hippo's voor sy huis sien verbyry het. Die een was geel van kleur met 'n blou streep en die ander een was 'n kamoefleer-kleur. Hy het gesien dat die Hippo's by Seeisostraat se aansluiting stilgehou het; dat die aanvallers in die Hippo's geklim het en daarna in die rigting van Slovopark gery het. Verdere polisievoertuie het gevolg.

Sello het homself in kruisverhoor op meerdere aspekte weerspreek. Ek verwys hier slegs na die volgende:

- Aanvanklik getuig hy dat die groep persone wat hy die volgende oggend van die 18de ontmoet het, hom nie gedreig of aangerand het nie. Later sê hy dat hulle hom wel gedreig het.
- Aanvanklik sê hy, hy kan nie onthou of hy en Xhaba die 18de gewerk het nie, later sê hy hulle het gewerk om dan net weer te verander en te sê hy kan nie meer onthou nie.
- Aanvanklik sê hy dat hy nie geweet het of die groep wat hom voorgekeer het op die 18de "comrades" was nie, later sê hy, hy het gedink hulle is "comrades".
- Hy getuig dan dat die eed hom nie pla nie en dat hy homself nie gebonde ag aan die eed nie.
- Op 'n vraag of hy vir die "comrades" gevlug het antwoord hy aanvanklik nee. As dieselfde vraag dan weer aan hom gevra word sê hy dat hy wel vir

die/...

die "comrades" gevlug het.

- Aanvanklik sê hy dat die eerste maal wat hy sy verhaal aan iemand vertel het was die volgende dag daar in Boipatong. Later sê hy, hy het die eerste maal sy storie vertel in Zone 17 aan die persoon na wie hy gevlug het.
- Hierbenewens weerspreek hy ook sy verklaring wat hy aan die polisie gemaak het en verduidelik die weersprekings dat hy toe nog onder vrees verkeer het toe hy die verklaring aan die polisie gemaak het. Later sê hy egter sy geheue het hom in die steek gelaat toe hy die beëdigde verklaring aan die polisie afgelê het. Toe moes die gebeure nog vars in sy geheue gewees het terwyl sy getuienis in die hof meer as 'n jaar na die gebeure afgelê is.
- Hy weerspreek egter ook sy getuienis voor die Goldstone-kommissie. Daar getuig hy naamlik dat hy vermoed het dat die aanvallers van KwaMadala Hostel afkomstig is. In kruisondervraging ontken hy dat hy so 'n vermoede gehad het. Na baie vrae wat hy ontwyk het, erken hy lateraan tog dat hy die vermoede gehad het, maar kon hy die weerspreking glad nie verduidelik nie.

Mabuza getuig dat hy die aand van 17 Junie 1992 'n jong seun op die hoek van Hlubi- en Lekoastraat aangetref het. Hy erken die seun as Msibi en neem hom na sy ouerhuis te 757 Hlubistraat. Terwyl hy aan die deur klop sien hy 'n groep persone in die straat aankom wat besig was om vensters te breek. Hy gaan om weg te kruip en terwyl hy wegkruip sien hy toe 'n

tweede/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.